
# Hoe Jan Taks jou aftree-spaargeld kan verdubbel

Die belastingbesparings op 'n aftree-annuïteit (AA) kan jou aftree-inkomste met 60% verhoog, sê **Johan Kleu**, hoof van Beleggingsprodukte by Liberty Life.

As jy met jou voorbelasting-inkomste in 'n aftree-annuïteitspolis belê, betaal die Ontvanger van Inkomste effektief tot 40% van jou aftree-finansiering. Hoe werk dit?

1. Daar is **geen belasting op rente of kapitaalwinste** op jou belegging nie.
2. Wanneer jy die AA omskakel in 'n annuïteit, sal jy **geen belasting betaal op groei binne die annuïteit nie.**
3. Hoewel jy belasting betaal op die inkomste wat jy ontvang wanneer jy aftree, is jou **belastingkoers gewoonlik aansienlik laer.** As jy byvoorbeeld tydens jou werksjare 'n belastingkoers van 30% betaal het, sal jy waarskynlik by aftrede tussen 15% en 20% betaal. Die verskil is jou belastingbesparing.

Die grafiek hieronder wys die voordele van spaar vir aftrede met 'n AA. Dit dui die waarde van dieselfde belegging in 'n AA, 'n uitkeerpolis en effektetrusts. Die enigste verskil is die belasting op die belegging.




**Aannames op die beleggings:**

| | |
|---|---|
| **Premie betaal:** | R20 000 in die eerste jaar, voor belasting.<br>Premies verhoog met 5% 'n jaar daarna, in lyn met inflasie. |
| **Beleggingsgroeikoers:** | 10% per jaar |
| **CPI (inflasie):** | 5% |
| **Marginale** | 40% |

| | |
|---|---|
| **belastingkoers:** | |
| **Porsie van kapitaalwinste wat belasbaar is:** | 25% (Kapitaalwinste word elke jaar gerealiseer) |

## Hupstoot vir inkomste by aftrede

Aangesien jou enkelbedrag-betaling by aftrede aansienlik hoër is met ‘n AA, kry jou inkomste met aftrede ook ‘n hupstoot.

Die grafiek hieronder wys die aanvanklike inkomste (die eerste jaar se inkomste) wat uit die verskillende beleggingsopsies wat in die vroeër voorbeeld genoem is, ontvang sal word.

Met inagneming van alle toekomstige betalings na hierdie tydstip, oortref die aftree-annuïteit die ander met byna 3% per jaar. Dit is ‘n aansienlike bedrag geld wanneer die aantal jare wat op die inkomste getrek sou word, in ag geneem word.
‘

‘n Aftree-annuïteit sou aan die belegger tussen R30 000 en R40 000 per jaar meer kon besorg as ander na-belasting meganismes.

